(*a*) die vereistes van subartikel (1), sonder inagneming van die vereistes van die voorbehoudsbepaling by daardie subartikel, moet daardie fonds, totdat sy bates aan bedoelde vereistes voldoen, aan die einde van elke boekjaar bates in een of meer van die in subartikel (1) vermelde klasse van bates hou met 'n totale waarde van minstens—

(i) die by subartikel (1) voorgeskrewe waarde, min—

(ii) 'n bedrag wat in dieselfde verhouding staan tot die bedrag waarmee vyftig persent van die totale waarde van al die bates van die fonds op 31 Desember 1971 die totale waarde van die bates van die klasse vermeld in subartikel (1) op daardie datum deur die fonds gehou, oorskry het, as wat die tydperk wat strek vanaf die einde van die betrokke boekjaar tot 31 Desember 1981 tot 'n tydperk van tien jaar staan;

(*b*) die vereistes van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1), moet daardie fonds, totdat sy bates aan bedoelde vereistes voldoen, aan die einde van elke boekjaar bates van die soorte vermeld in paragraaf (*c*) van subartikel (1) wat deur die Regering van die Republiek uitgereik is, hou, met 'n totale waarde van minstens—

(i) die in die genoemde voorbehoudsbepaling voorgeskrewe bedrag, min—

(ii) 'n bedrag wat in dieselfde verhouding staan tot die bedrag waarmee twintig persent van die totale waarde van al die bates van die fonds op 31 Desember 1971 die totale waarde van die bates van die bedoelde soorte op daardie datum deur die fonds gehou, oorskry het, as wat die tydperk wat strek vanaf die einde van die betrokke boekjaar tot 31 Desember 1981 tot 'n tydperk van tien jaar staan.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 25 van 1956.**

**8.** Artikel 11 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, word hierby gewysig deur in subartikel (1) na die woord „Ouditeur-generaal" die woorde „of 'n Provinsiale Ouditeur" in te voeg.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 48 van 1964.**

**9.** Artikel 3 van die Wet op Deelnemingsverbande, 1964, word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Bestuurder kan geld van enige persoon ingevolge 'n skriftelike ooreenkoms ontvang om namens hom belê te word op sekuriteit van 'n bepaalde deelnemingsverband of van enige deelnemingsverbande, hetsy daardie verband of daardie verbande alreeds geregistreer is al dan nie: Met dien verstande dat—

(*a*) indien 'n deelneming nie binne sestig dae vanaf die datum van die ontvangs van daardie geld toegeken word nie, die geld terugbetaal moet word aan die persoon van wie dit ontvang is; en

(*b*) van die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972—

(i) 'n bedrag van minder as eenduisend rand nie aldus ontvang word nie; en

(ii) genoemde ooreenkoms moet bepaal dat, behalwe in die omstandighede uiteengesit in

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"(7) If the assets of a registered fund do not at the date of commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972, satisfy—

(*a*) the requirements of subsection (1), without having regard to the requirements of the proviso to that subsection, such fund shall, until its assets satisfy the said requirements, hold at the end of each financial year assets in one or more of the classes of assets referred to in subsection (1) having an aggregate value not less than—

(i) the value prescribed by subsection (1), less

(ii) an amount which bears the same ratio to the amount by which fifty per cent of the aggregate value of all the assets of the fund on 31 December, 1971, exceeded the aggregate value of the assets of the classes referred to in subsection (1) held by the fund on that date, as the period extending from the end of the financial year in question to 31 December, 1981, bears to a period of ten years;

(*b*) the requirements of the proviso to subsection (1), such fund shall, until its assets satisfy the said requirements, hold at the end of each financial year, assets of the kinds mentioned in paragraph (*c*) of subsection (1), which have been issued by the Government of the Republic, having an aggregate value not less than—

(i) the amount prescribed in the said proviso, less

(ii) an amount which bears the same ratio to the amount by which twenty per cent of the aggregate value of all the assets of the fund on 31 December, 1971, exceeded the aggregate value of the assets of the said kinds held by the fund on that date, as the period extending from the end of the financial year in question to 31 December, 1981, bears to a period of ten years.".

**Amendment of section 11 of Act 25 of 1956.**

**8.** Section 11 of the Friendly Societies Act, 1956, is hereby amended by the insertion in subsection (1) after the word "Auditor-General" of the words "or a Provincial Auditor".

**Amendment of section 3 of Act 48 of 1964.**

**9.** Section 3 of the Participation Bonds Act, 1964, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A manager may accept money from any person in terms of a written agreement to be invested on his behalf upon the security of a particular participation bond or of any participation bonds, whether such bond is or such bonds are already registered or not: Provided that—

(*a*) if a participation is not granted within sixty days as from the date of acceptance of such money, the money shall be refunded to the person from whom it was accepted; and

(*b*) from the date of commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972—

(i) an amount of less than one thousand rand shall not be so accepted; and

(ii) such agreement shall provide that, except in the circumstances set forth in paragraph (*a*)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



paragraaf (*a*) van hierdie voorbehoudsbepaling en in artikel 6 (6) (*b*) (iii), daardie geld vir 'n tydperk van minstens vyf jaar belê moet word in 'n deelnemingsverband of deelnemingsverbande wat by die skema ingesluit is en dat indien die skuld wat deur 'n deelnemingsverband gesekureer word voor die verstryking van 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van belegging geheel of gedeeltelik deur die verbandgewer terugbetaal word, geld wat aldus terugbetaal word vir minstens die onverstreke gedeelte van die bedoelde tydperk van vyf jaar deur die bestuurder ten behoewe van daardie persoon herbelê moet word op sekuriteit van 'n ander deelnemingsverband of van ander deelnemingsverbande wat by die skema ingesluit en vir daardie persoon aanneemlik is.";

(*b*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n Bestuurder kan 'n deelneming in 'n deelnemingsverband aan enige persoon aanbied of self as 'n deelnemer 'n deelneming in 'n deelnemingsverband hou: Met dien verstande dat—

(*a*) waar 'n persoon geld aan 'n bestuurder ingevolge subartikel (1) betaal het, daardie bestuurder, sonder om eers so 'n aanbod te doen, die deelneming of deelnemings in so 'n verband aan daardie persoon kan toeken wat binne die perke van 'n skriftelike magtiging val wat daardie persoon aan daardie bestuurder verleen het;

(*b*) die bestuurder daardie deelnemings nie mag aanbied, toeken of hou nie in bedrae waarvan die som meer is as die totale bedrag wat kragtens daardie verband gesekureer is, of, in 'n geval waar die verbandgewer 'n gedeelte van die kragtens die verband gesekureerde skuld terugbetaal het, meer is as die bedrag wat deur die verbandgewer kragtens die verband verskuldig is op die tydstip wanneer die deelneming toegeken word; en

(*c*) vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, die bestuurder nie aan 'n persoon 'n deelneming van minder as eenduisend rand in 'n deelnemingsverband wat na die inwerkingtreding van genoemde Wysigingswet geregistreer is, mag aanbied nie.";

(*c*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) 'n Aanbod ingevolge subartikel (2) moet—

(*a*) die besonderhede van die verband waarin die deelneming aangebied word, vermeld;

(*b*) die grootte van die aangebode deelneming vermeld;

(*c*) behalwe waar die belegger reeds 'n deelnemer in die skema is, vergesel gaan van 'n afskrif van die reëls van die skema waarby die verband ingesluit is; en

(*d*) gemaak word op die uitdruklike voorwaarde dat, behalwe in die omstandighede uiteengesit in paragraaf (*a*) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) en in artikel 6 (6) (*b*) (iii), geld wat belê is op sekuriteit van 'n deelnemingsverband wat by die skema ingesluit is, vir 'n tydperk van minstens vyf jaar in die deelneming wat aangebied

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



of this proviso and in section 6 (6) (*b*) (iii), such money shall be invested for a period of not less than five years in a participation bond or participation bonds included in the scheme and that in the event of the debt secured by a participation bond being repaid in whole or in part by the mortgagor before the expiry of a period of five years from the date of investment, money so repaid shall be reinvested for not less than the unexpired portion of the said period of five years by the manager on behalf of such person upon the security of another participation bond or of other participation bonds included in the scheme and acceptable to such person.";

(*b*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) A manager may offer to any person, or itself or himself hold as a participant, a participation in any participation bond: Provided that—

(*a*) where a person has paid money to a manager in terms of subsection (1) such manager may, without first making such offer, grant to such person such participation or participations in any such bond as fall within the scope of any written authority given by such person to such manager;

(*b*) the manager shall not offer, grant or hold such participations in sums the aggregate of which exceeds the total sum secured under such bond, or, in any case where the mortgagor has repaid part of the debt secured under the bond, exceeds the amount owing by the mortgagor under such bond at the time when the participation is granted; and

(*c*) from the date of commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972, the manager shall not offer to any person a participation of less than one thousand rand in any participation bond registered after the commencement of the said Amendment Act.";

(*c*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) An offer in terms of subsection (2) shall—

(*a*) set forth the particulars of the bond in which the participation is offered;

(*b*) set forth the extent of the participation offered;

(*c*) be accompanied by a copy of the rules of the scheme in which the bond is included, except where the investor is already a participant in the scheme; and

(*d*) be made on the specific condition that, except in the circumstances set forth in paragraph (*a*) of the proviso to subsection (1) and in section 6 (6) (*b*) (iii), money invested upon the security of a participation bond included in the scheme shall remain invested for a period of not less than five years in the participation offered and accepted or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



en aanvaar is of op sekuriteit van 'n ander deelnemingsverband of van ander deelnemingsverbande wat by die skema ingesluit is, belê moet bly en dat ingeval die skuld wat gesekureer is deur die deelnemingsverband waarin die deelneming toegeken word voor die verstryking van 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop die deelneming toegeken is geheel of gedeeltelik deur die verbandgewer terugbetaal word, die bedrag wat belê staan te word in die deelneming aldus aangebied vir minstens die onverstreke gedeelte van die bedoelde tydperk van vyf jaar deur die bestuurder ten behoewe van daardie persoon herbelê moet word op sekuriteit van 'n ander deelnemingsverband of van ander deelnemingsverbande wat by die skema ingesluit en vir daardie persoon aanneemlik is."; en

(*d*) deur die volgende subartikel na subartikel (5) in te voeg:

„(6) Die bepalings van hierdie artikel is *mutatis mutandis* van toepassing op enige geld of 'n gedeelte van so 'n som wat na die verstryking van die tydperk van vyf jaar bedoel in paragraaf (*b*) (*ii*) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) en in subartikel (3) (*d*), ter vermindering van die hoofskuld aan die bestuurder betaal word en waar daardie geld of 'n gedeelte van so 'n som herbelê staan te word ten behoewe van 'n belegger op sekuriteit van 'n ander deelnemingsverband of van ander deelnemingsverbande wat by die skema ingesluit is.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 48 van 1964, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 98 van 1967.

**10.** Artikel 6 van die Wet op Deelnemingsverbande, 1964, word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) (*a*) Elke houer van 'n deelneming wat deur 'n deelnemingsverband gesekureer is, is, tensy die reëls van die skema waarby die verband ingesluit is, anders bepaal, geregtig om sy regte kragtens daardie deelneming uit te oefen sodra dit aan hom toegeken is, op dieselfde manier asof die verband op sy naam as verbandnemer geregistreer was.

(*b*) So 'n houer is nie geregtig om sy reg op terugbetaling van die hoofskuld deur die verband gesekureer uit te oefen nie tensy—

(i) die verbandgewer in gebreke bly om aan die voorwaardes van die verband te voldoen; of

(ii) in 'n geval waar die reg op sodanige terugbetaling verkry is voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, 'n tydperk van minstens drie jaar verstryk het nadat 'n houer daardie reg verkry het; of

(iii) in 'n geval waar die reg op sodanige terugbetaling verkry word op of na die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, die tydperk van minstens vyf jaar bedoel in paragraaf (*b*) (*ii*) van die voorbehoudsbepaling by artikel 3 (1) of in artikel 3 (3) (*d*), na gelang van die geval, verstryk het."; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



on the security of another participation bond or of other participation bonds included in the scheme and that in the event of the debt secured by the participation bond in which the participation is granted being repaid in whole or in part by the mortgagor before the expiry of a period of five years from the date on which the participation was granted, the amount to be invested in the participation so offered shall be reinvested for not less than the unexpired portion of the said period of five years by the manager on behalf of such person upon the security of another participation bond or of other participation bonds included in the scheme and acceptable to such person."; and

(*d*) by the insertion of the following subsection after subsection (5):

"(6) The provisions of this section shall apply *mutatis mutandis* to any money or any part of such sum paid to a manager after the expiry of the period of five years referred to in paragraph (*b*) (ii) of the proviso to subsection (1) and in subsection (3) (*d*), in reduction of the principal debt and where such money or any part of such sum is to be reinvested on behalf of an investor upon the security of another participation bond or of other participation bonds included in the scheme.".

**10.** Section 6 of the Participation Bonds Act, 1964, is hereby amended— **Amendment of section 6 of Act 48 of 1964, as amended by section 2 of Act 98 of 1967.**

(*a*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) (*a*) Every holder of a participation secured by a participation bond shall, unless it is otherwise provided in the rules of the scheme in which the bond is included, be entitled to enforce against the mortgagor his rights under such participation as soon as it has been granted to him in the same manner as if the bond were registered in his name as mortgagee.

(*b*) Such a holder shall not be entitled to enforce his right to repayment of the principal debt secured by the bond unless—

(i) the mortgagor fails to comply with the conditions of the bond; or

(ii) in a case where the right to such repayment was acquired before the date of commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972, a period of not less than three years has elapsed after a holder acquired such right; or

(iii) in a case where the right to such repayment is acquired on or after the date of commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972, the period of not less than five years referred to in paragraph (*b*) (ii) of the proviso to section 3 (1) or in section 3 (3) (*d*), as the case may be, has elapsed."; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(*b*) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) 'n Deelnemer het die reg om sonder die toestemming van die verbandgewer sy regte in 'n deelnemingsverband oor te dra, te sedeer of te beswaar, mits—

(*a*) hy vooraf die skriftelike toestemming van die bestuurder tot sodanige oordrag, sessie of beswaring verkry het; en

(*b*) in die geval van sodanige oordrag of sessie—

(i) waar hy sy regte in sodanige deelnemingsverband voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, verkry het, 'n tydperk van nie minder nie as drie jaar verstryk het nadat hy sodanige regte verkry het; of

(ii) waar hy sy regte in sodanige deelnemingsverband op of na die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, verkry, die tydperk van minstens vyf jaar bedoel in paragraaf (*b*) (ii) van die voorbehoudsbepaling by artikel 3 (1) of in artikel 3 (3) (*d*), na gelang van die geval, verstryk het; of

(iii) die registrateur sodanige oordrag of sessie goedkeur.".

Wysiging van artikel 9 van Wet 48 van 1964, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 98 van 1967.

**11.** Artikel 9 van die Wet op Deelnemingsverbande, 1964, word hierby gewysig deur na subartikel (4) die volgende subartikel in te voeg:

„(4A) Die reëls van die skema moet bepaal dat geld deur die bestuurder ingevolge artikel 3 (1) ontvang of geld deur die bestuurder ontvang ten gevolge van 'n aanbod deur hom gedoen ingevolge artikel 3 (2) of geld wat aan die bestuurder betaal word ter vermindering van die hoofskuld verskuldig onder 'n deelnemingsverband, deur die bestuurder op naam van die benoemde maatskappy ten behoewe van die belegger by 'n bankinstelling wat anders as voorlopig kragtens die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), geregistreer is, gedeponeer moet word en dat daardie geld aldus gedeponeer moet bly totdat die belegger 'n deelneming toegeken word in 'n deelnemingsverband wat by die skema ingesluit is of totdat die geld aan die belegger terugbetaal word.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 23 van 1965.

**12.** Artikel 1 van die Bankwet, 1965, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1)—

(i) die omskrywing van „korttermynverpligting" deur die volgende omskrywing te vervang:

„'korttermynverpligting', met betrekking tot die een of ander datum, 'n verpligting (insluitende 'n lening of 'n deposito van 'n ander bankinstelling) wat op of voor die dertigste dag vanaf daardie datum betaalbaar is, of wat op daardie datum aan kennis van opsegging onderworpe is wat dit betaalbaar maak op of voor die dertigste dag vanaf daardie datum;";

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) A participant shall have the right to transfer, cede or encumber his rights in a participation bond without the consent of the mortgagor, provided—

(*a*) he has obtained the prior written consent of the manager to such transfer, cession or encumbrance; and

(*b*) in the case of any such transfer or cession—

(i) where he acquired his rights in such participation bond before the date of commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972, a period of not less than three years has elapsed after he acquired such rights; or

(ii) where he acquires his rights in such participation bond on or after the date of commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972, the period of not less than five years referred to in paragraph (*b*) (ii) of the proviso to section 3 (1) or in section 3 (3) (*d*), as the case may be, has elapsed; or

(iii) the registrar approves such transfer or cession.".

**11.** Section 9 of the Participation Bonds Act, 1964, is hereby amended by the insertion after subsection (4) of the following subsection:

**Amendment of section 9 of Act 48 of 1964, as amended by section 3 of Act 98 of 1967.**

"(4A) The rules of the scheme shall provide that money accepted by the manager in terms of section 3 (1) or money received by the manager in consequence of an offer made by him in terms of section 3 (2) or money paid to the manager in reduction of the principal debt owing under a participation bond shall be deposited by the manager in the name of the nominee company on behalf of the investor with a banking institution registered otherwise than provisionally in terms of the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965), and that such money shall remain so deposited until the investor is granted a participation in a participation bond included in the scheme or until the money is repaid to the investor.".

**12.** Section 1 of the Banks Act, 1965, is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (1)—

**Amendment of section 1 of Act 23 of 1965.**

(i) for the definition of "liquid assets" of the following definition:

" 'liquid assets' means the aggregate amount of—

(*a*) Reserve Bank notes, subsidiary coin, gold coin and bullion;

(*b*) credit balances with the Reserve Bank;

(*c*) deposits withdrawable on demand with the National Finance Corporation;

(*d*) deposits which are withdrawable on demand by cheque and which a banking institution, not being a member of the clearing house, holds with another

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(ii) die omskrywing van „langtermynverpligting" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,langtermynverpligting', met betrekking tot die een of ander datum, 'n verpligting (insluitende 'n lening of 'n deposito van 'n ander bankinstelling) wat na verloop van meer as ses maande vanaf daardie datum betaalbaar is, of wat op daardie datum aan kennis van opsegging onderworpe is wat dit betaalbaar maak na meer as ses maande;";

(iii) die omskrywing van „likwiede bates" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,likwiede bates' die totaalbedrag aan—

(*a*) Reserwebanknote, pasmunt, goudmunt en staafgoud;

(*b*) kredietsaldo's by die Reserwebank;

(*c*) onmiddellik opeisbare deposito's by die Nasionale Finansiekorporasie;

(*d*) deposito's wat per tjek onmiddellik opeisbaar is en wat 'n bankinstelling wat nie 'n lid van die verrekeningshuis is nie by 'n ander bankinstelling hou en waarop geen rente of enige ander vergoeding verdien of ontvang word nie;

(*e*) onmiddellik opeisbare lenings aan diskontohuise;

(*f*) skatkisbiljette van die Republiek;

(*g*) effekte van die Regering met 'n oorblywende termyn tot die laaste aflosdatum van hoogstens drie jaar;

(*h*) wissels deur die Landbank uitgereik en voorskotte aan daardie bank wat na keuse van die uitlener in wissels omgesit kan word;

(*i*) obligasies van die Landbank met 'n oorblywende termyn tot die vervaldatum daarvan van hoogstens drie jaar;

(*j*) obligasies of notas uitgereik deur die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk in verband met 'n skema om die uitvoer van kapitaalgoedere te finansier en wat 'n oorblywende termyn tot die vervaldatum daarvan van hoogstens drie jaar het en wat deur die Regering van die Republiek gewaarborg is;

(*k*) aksepte van 'n bankinstelling wat deur die Reserwebank verdiskonteerbaar is en wat nie aksepte van die betrokke bankinstelling self of van 'n filiaal of medefiliaal van die betrokke bankinstelling of van 'n bankinstelling deur wie die betrokke bankinstelling regstreeks of onregstreeks beheer word, is nie;

(*l*) self-likwiderende wissels of promesses wat uit die beweging van goedere ontstaan, wat binne hoogstens honderd-en-twintig dae of, in die geval van landbouwissels, ses maande verval, en wat deur die Reserwebank verdiskonteerbaar is;

(*m*) effekte van die Suid-Afrikaanse Reserwebank met 'n oorblywende termyn tot die laaste aflosdatum daarvan van hoogstens drie jaar; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



banking institution and on which no interest or any other return is earned or received;

(*e*) loans to discount houses repayable on demand;

(*f*) Treasury bills of the Republic;

(*g*) stocks of the Government with a maturity to the latest redemption date of not more than three years;

(*h*) bills issued by the Land Bank and advances to the said bank which, at the option of the lender, are convertible into bills;

(*i*) debentures of the Land Bank with a maturity of not more than three years;

(*j*) debentures or notes issued by the Industrial Development Corporation of South Africa, Limited, in connection with a scheme for financing the export of capital goods and which have a maturity of not more than three years and which are guaranteed by the Government of the Republic;

(*k*) acceptances of a banking institution which are discountable by the Reserve Bank, not being acceptances of the banking institution concerned itself or of a subsidiary or fellow subsidiary of the banking institution concerned or of a banking institution by which the banking institution concerned is controlled directly or indirectly;

(*l*) self-liquidating bills or promissory notes arising out of the movement of goods, with a maturity not exceeding one hundred and twenty days, or six months in the case of agricultural bills, and which are discountable by the Reserve Bank;

(*m*) securities of the South African Reserve Bank with a maturity of not more than three years; and

(*n*) any asset which ranked as a liquid asset at the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1972, and which has not yet attained its first redemption date after the said commencement;";

(ii) for the definition of "long-term liability" of the following definition:

" 'long-term liability', in relation to any date, means a liability (including a loan from or a deposit by another banking institution) which is payable after the expiration of more than six months as from that date or which on that date is subject to notice which makes it payable after more than six months;";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*n*) 'n bate wat as 'n likwiede bate gegeld het by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, en wat nog nie sy eerste aflosdatum na vermelde inwerkingtreding bereik het nie.";

(iv) die omskrywing van „middeltermyn-verpligting" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,middeltermynverpligting', met betrekking tot die een of ander datum, 'n verpligting (insluitende 'n lening of deposito van 'n ander bankinstelling) wat op of na die een-en-dertigste dag vanaf daardie datum maar nie later nie as die dag waarop 'n tydperk van ses maande vanaf daardie datum verstryk, betaalbaar is, of wat op daardie datum aan kennis van opsegging onderworpe is wat dit betaalbaar maak op of na die een-en-dertigste dag vanaf daardie datum maar nie later nie as die dag waarop 'n tydperk van ses maande vanaf daardie datum verstryk, en ook spaar-deposito's;";

(v) die omskrywing van „voorgeskrewe beleggings" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,voorgeskrewe beleggings' die totaalbedrag aan—

(*a*) effekte van die Regering behalwe die effekte vermeld in die omskrywing van „likwiede bates";

(*b*) obligasies of effekte deur die Regering gewaarborg;

(*c*) effekte van, lenings aan en deposito's by 'n plaaslike bestuur in die Republiek;

(*d*) obligasies of effekte van die Randwaterraad of die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie;

(*e*) obligasies van die Landbank behalwe sodanige obligasies vermeld in die omskrywing van „likwiede bates"; en

(*f*) die wissels, skuldbriewe of effekte wat die Registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* en onderworpe aan die voorwaardes wat hy in sodanige kennisgewing uiteensit, vir die doeleindes van hierdie omskrywing goedkeur en ook dié uitgereik deur 'n instelling wat hy insgelyks deur sodanige kennisgewing goedgekeur het.";

(*b*) deur paragraaf (iii) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) te skrap;

(*c*) deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

„(2A) 'n Persoon (met ingegrip van 'n koöperatiewe vereniging) behalwe 'n persoon wat deposito's werf of daarvoor adverteer, word by die toepassing van hierdie Wet nie geag die neem van deposito's as bedryf uit te oefen nie indien hy nie te eniger tyd deposito's van meer as twintig persone of deposito's wat in totaal meer as vyfhonderdduisend rand bedra, hou nie: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie subartikel 'n persoon en 'n maatskappy wat regstreeks of onregstreeks deur hom beheer word (ongeag of sodanige beheer by wyse van aandeelhouding of andersins geskied) of deur hom geadministreer word en 'n filiaal van bedoelde maatskappy geag word een persoon te wees."; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(iii) for the definition of "medium-term liability" of the following definition:

" 'medium-term liability', in relation to any date, means a liability (including a loan from or a deposit by another banking institution) which is payable on or after the thirty-first day as from that date but not later than the day on which a period of six months as from that date expires, or which on that date is subject to notice which makes it payable on or after the thirty-first day as from that date but not later than the day on which a period of six months as from that date expires, and includes savings deposits;";

(iv) for the definition of "prescribed investments" of the following definition:

" 'prescribed investments' means the aggregate amount of—

(*a*) stocks of the Government, other than the stocks mentioned in the definition of "liquid assets";

(*b*) debentures or stock guaranteed by the Government;

(*c*) stocks of, loans to and deposits with any local authority in the Republic;

(*d*) debentures or stock of the Rand Water Board or the Electricity Supply Commission;

(*e*) debentures of the Land Bank, other than such debentures mentioned in the definition of "liquid assets"; and

(*f*) such bills, bonds or securities as the Registrar may by notice in the *Gazette* approve for the purposes of this definition subject to such conditions as he may specify in such notice, and also those issued by an institution which he has likewise approved by such notice;";

(v) for the definition of "short-term liability" of the following definition:

" 'short-term liability', in relation to any date, means a liability (including a loan from or a deposit by another banking institution) which is payable on or before the thirtieth day as from that date, or which on that date is subject to notice which makes it payable on or before the thirtieth day as from that date;";

(*b*) by the deletion of paragraph (iii) of the proviso to subsection (2);

(*c*) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) A person (including a co-operative society) other than a person who solicits or advertises for deposits, shall not be deemed to be carrying on the business of accepting deposits for the purposes of this Act if he does not at any time hold deposits from more than twenty persons or deposits amounting in the aggregate to more than five hundred thousand rand: Provided that for the purposes of this subsection a person and any company controlled directly or indirectly by him (whether such control be by way of shareholding or otherwise) or administered by him and the subsidiary of any such company shall be deemed to be one person."; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(*d*) deur die volgende paragrawe by subartikel (6) by te voeg:

„(*f*) die instelling, na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1972, regstreeks of onregstreeks onderneem om die terugbetaling te waarborg van 'n lening of 'n deposito wat 'n persoon in die Republiek (behalwe 'n bankinstelling) aan of by 'n ander persoon in die Republiek (behalwe 'n bankinstelling) maak of om 'n lening wat deur die instelling gemaak is te verkoop op 'n voorwaarde waarvolgens die lening op 'n toekomstige datum deur die instelling teruggekoop moet word;

(*g*) 'n instelling 'n lening maak aan of 'n deposito maak by 'n filiaalmaatskappy wat 'n bankinstelling is, om die bedoelde filiaalmaatskappy in staat te stel om op 'n bepaalde datum aan die voorskrifte van die Wet met betrekking tot likwiede bates te voldoen.".

Vervanging van artikel 16 van Wet 23 van 1965.

**13.** Artikel 16 van die Bankwet, 1965, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Minimum reserwesaldo.

**16.** (1) 'n Bankinstelling (behalwe 'n diskontohuis) moet by die Reserwebank 'n reserwesaldo in stand hou gelyk aan minstens agt persent van sy korttermynverpligtings teenoor die publiek in die Republiek, behalwe verpligtings uit hoofde van aksepte, soos aangegee in die jongste maandopgawe wat hy ingevolge artikel 13 (1) (*a*) aan die Registrateur verstrek het.

(2) By die toepassing van die bepalings van subartikel (1) kan—

(*a*) 'n Handelsbank (soos omskryf in artikel 17 (3))—

(i) die bedrag in voorbehoudsbepaling (ii) by artikel 14 (1) bedoel; en

(ii) die bedrag van 'n verrekeningsverpligting wat voortvloei uit 'n saldo in voorbehoudsbepaling (i) by artikel 17 (1) bedoel; en

(*b*) 'n Bankinstelling die bedrae wat ingevolge voorbehouds bepaling (iii) by artikel 17 (1) van die verpligtinge in paragraaf (*a*) van daardie artikel bedoel, afgetrek kan word,

van sy korttermynverpligtings aftrek.".

Vervanging van artikel 17 van Wet 23 van 1965, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 23 van 1970.

